

BESTE PRAKTYK

VEE-AGENTE MOET VOORTAAN DIË REÛLS NAKOM

DIE Landboupprodukte-agenteraad se reëls – wat dien as ’n kode van optrede vir vee-agente en hul werknemers – is in die *Staatskoerant* van 2 Maart aangekondig. Die reëls is ingevolge afdeling 10(b) van die Wet op Landboupprodukte-agente (Wet 12 van 1992) ingestel. Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het die aankondiging deur die Registrateur van Landboupprodukte-agente verwelkom.

Een van die belangrikste reëls is dat niemand as ’n lewendehawe-agent mag optree sonder dat ’n registrasiesertifikaat aan hom of haar uitgereik is nie.

’n Boer wat dus vee wil verkoop, moet seker maak die agent wat hy wil gebruik, is ’n geregistreerde agent by die Landboupprodukte-agenteraad in ooreenstemming met die Wet op die Bemarking van Landboupprodukte (Wet 47 van 1996).

Verder bepaal die reëls dat ’n agent nie vergoeding vir sy dienste kan eis as hy of sy nie die houër van ’n registrasiesertifikaat is nie.

DIE REÛLS

Die reëls verklaar dat elke vee-agent en sy werknemers ’n vertrouenspelig teenoor hul kliënte het. Dienste moet “altdy eerlik en in goeder trou, met die nodige vaardighede, sorg en ywer wat redelik verwag kan word, uitgevoer word”.

Daar word ook van die agente en werknemers verwag om die nodige kennis, vaardighede en ondervinding te hê en om in die beste belang van hul kliënte op te tree.

’n Agent moet ’n stelsel en gepaardgaande prosedures hê waarvolgens klagtes intern opgelos kan word. Dit moet volgens die volgende beginsels gedoen word:

- Daar moet verseker word dat diegene wat klagtes indien, ten volle op die hoogte is van die moontlike prosedures wat gevolg kan word om hul klagtes op te los.
- Daar moet verseker word dat enige kliënt maklike toegang tot sulke prosedures by enige kantoor of tak van die vee-agent sal hê, of toegang daartoe kan verkry.
- Dit is belangrik om te verseker dat ’n oplossing vir die probleem gevind word wat regverdig is teenoor die klaer én die agent en sy personeel.

’n Agent moet elke dier en ander diereprodukt wat vir verhandeling ontvang word, merk sodat dit geïdentifiseer en van ander diere en produkte onderskei kan word. Alle vee-agente moet ook altdy voldoen aan die bepalings van die Wet op Veediefstal (Wet 57 van 1959) en die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002).


’n Lewendehawe-agent wat sy kliënt se vee op ’n veiling verkoop, is verplig om te voldoen aan die voorskrifte van afdeling 45 van die Wet op Verbruikersbeskerming (Wet 68 van 2008) en die meegaande regulasies.

Alle lewendehawe-agente moet voortaan ná elke transaksie ’n verkoopsnota uitreik. Voordat die betrokke lewende hawe uit sy sorg verwyder word, of uit die sorg van enigiemand wat dit namens die agent in bewaring gehou het, verwyder word, moet ’n verwyderingsertifikaat ook aan die koper van die vee uitgereik word.

Die verwyderingsertifikaat moet voldoen aan die bepalings van afdeling 8 van die Wet op Veediefstal.

Van die besonderhede wat op die verkoopsnota aangedui moet word, sluit in:

- ’n Reeksnommer.



Die RPO maak boere bedag daarop dat sekere voorskrifte voortaan van toepassing is op alle vee-agente, agente van diereprodukte en verhandelars van neweprodukte, soos wol, huide en velle. FOTO: LBW-ARGIEF

- Die naam of kodemerk van die betrokke agent.
- Die datum van die transaksie.
- Die naam van die verkoper.
- Die naam, woon- en posadres van die koper.
- Die soort, geslag en beskrywing van die dier(e) wat verkoop is.
- Die gehalte en gewig van die diere.
- Die prys waarteen dit verkoop is.
- Die perseel waar die transaksie plaasgevind het.

Ander voorskrifte van die reëls sluit in besonderhede van riglyne wat gevolg moet word met betrekking tot finansiële belange; beleid om gevalle van botsende belange te hanteer; ander pligte van vee-agente en werknemers; inligting oor diensverskaffers, inligting oor kopers aan wie krediet toegestaan word; inligting oor dienste wat verskaf word; toegang tot inligting; beheermaatreëls om risiko’s te bestuur; en bemarking en advertensies.

Die volledige reëls kan in die *Staatskoerant* besigtig word by www.gpwonline.co.za

Om te sien of ’n agent wel geregistreer is, besoek die webwerf www.apac.co.za

VERHOOGING

STATUTÊRE HEFFING ‘VIR GOEIE DOEL’

’N **VOORGESTELDE** aansoek om die statutêre heffings in die rooivleisbedryf te verhoog, is by die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) ingedien.

In ’n brief aan die NLBR sê die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) dat die huidige heffings tot voordeel van die hele rooivleiswaardeketting is.

“Die funksie van produksie-ontwikkeling

is belangrik om ’n bemagtigende omgewing vir alle produsente (kommersieel én opkoment) te verseker. Dit verseker ook dat die RPO steun aan produsente kan bied sodat hul boerderye doeltreffender bestuur kan word,” sê mnr. Gerhard Schutte, hoofbestuurder van die RPO.

Hy sê die voorgestelde verhoging van 6% is konserwatief as ’n mens in ag neem die bedryf is R77 miljard werd op produsentevlak. Die

heffing dra boonop 20% by tot transformasie wat deur die RPO ondersteun word.

Die RPO meen die verhoging is uiters belangrik om volhoubare produksie en bemarking te verseker.

Schutte sê die drie funksies waarvan die RPO die diensverskaffer is, naamlik produksie-ontwikkeling, skaapvleisverbruikersopvoeding en transformasie, dra by tot ’n doeltreffender bedryf. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@lantinc.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.